

Tema: 'n Nuwe lied tot eer van God deur die getrouheid van sy Kneg

Woordbediening: Jesaja 42:1-12

Teks: *“Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring...Ek, die HERE, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies, om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit... Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, sy lof van die einde van die aarde af...(v1, 6,7en 10 –'53-vertaling)*

Jesaja 42:1-4 is die eerste van vier* bekende “Knegliedere” wat deur hierdie profeet opgeskryf is. In hierdie Knegliedere word die Gesalfde van God wat nog moet kom besing. Vir eeue lank het gelowiges gewonder oor wie uiteindelik hierdie Gesalfde sal wees. Die beskrywings pas egter so duidelik op Jesus die Seun van God dat ons sonder twyfel glo dat dit Hy is.

Waarom moet Hy juis “Kneg” genoem word?

Daar is 'n verskil tussen “slaaf” en “kneg”. 'n Kneg is 'n vertroueling van sy baas. Hierdie Kneg het by God 'n uitverkore posisie met 'n goddelike opdrag (om God se reg aan die nasies bekend te stel) en Godgegewe outoriteit (die Gees van God rus op hom). Om waarlik Kneg van God te word moes Hy sy hemelse voorregte as Seun van God prysgee en mens word (vgl. Filip 4:6,7). So word “Kneg” vir Hom 'n eretitel.

Hoe is Hy God se “verbond met die volk”?

God “gee” (staan Hom dus af) Hom as verbond. Soveel is God bereid om te gee, nl. sy eie Seun. Dis 'n verbond waartoe God Homself verbind en gevolglik kan dit nooit herroep word nie. Op sy beurt is die Kneg (Seun) nie net gehoorsaam *aan* die eise van die verbond nie. Hy is die *verpersoonliking* van die verbond. Sy hele aardse lewe en sterwe en opstanding spel dit uit. Hy bewys God se trou aan ons. Die ou bedeling van *vergelding* is verby. Die nuwe bedeling van *versoening* het gekom om te bly.

Watter bewys het ons van hierdie nuwe bedeling?

Die verkondiging van die evangelie en die brood wat ons breek en die drank wat ons drink tot sy gedagtenis.

Waarom moet ons 'n nuwe lied sing?

'n Nuwe lied pas by 'n nuwe bedeling.

Die Kneg van die HERE het klaar die nuwe bedeling van versoening gevestig.

’n Nuwe lied pas by nuwe mense, want deur sy Gees maak die Kneg mense nuut deur hulle geestelike blindheid te genees en hulle geestelike gevangeskap te beëindig.

Die oproep om ’n nuwe lied te sing geld ook vir ons, want: *“Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”*(2 Kor. 5:17)

Waaroor moet die nuwe lied handel?

“Laat hulle aan die HERE die eer gee en sy lof in die eilande verkondig.”(Jas 42:12)

Die HERE (God die Vader) moet die eer ontvang vir wat Hy gedoen het en nog steeds doen: Hy het reg opgetree deur die Kneg te roep en Hom met sy Gees toe te rus.

Deur ons geloof in Hom word ons deel van die Kneg en God se toerusting met die Gees. Ons word sy geestelike liggaam wat sy sterwe en opstanding lewensgetrou moet uitleef en uitdra. Ons sing nie net ’n nuwe lied nie, ons is ’n nuwe lied tot eer van God wat getrou is.

* Die vier “Knegliedere” staan opgeteken in Jesaja 42:1-4; 49:1-6; 50:4-9 en 52:13-53:12.